**4 Junie** **Skrifgedeelte: Numeri 11:24-30**
**Fokusgedeelte: Numeri 11:24-30**

## Mag almal profeteer!

Hierdie Ou-Testamentiese verhaal sluit aan by die voorspelling van Joël waarna Petrus op die Pinksterdag in sy toespraak verwys, naamlik dat as die Gees van die Here oor ’n mens kom, Hy jou onder andere kan laat profeteer. Dit beteken nie om die toekoms te voorspel nie, maar om van die Here te getuig. Dit is presies wat gebeur as Israel terugverlang na die vleispotte van Egipte en God sy Gees oor die 70 leiers laat vaardig word, maar sy Gees weer wegneem, terwyl Eldad en Medad in die laer bly profeteer het. Toe ’n seun hulle by Moses gaan verkla, is dít Moses se versugting: “Ag, as die hele volk van die HERE maar profete was, dat die HERE sy Gees oor hulle mag gee.”

Hierdie versugting van Moses sou eers later in vervulling gaan toe Jesus as die ander Moses, wat sy volk uit die slawerny van die sonderyk gelei het, sy Gees uitgestort het op alle vlees sodat almal wat in Hom glo, profete sou word wat sy Naam bely.

*Sing: Skrifberyming 14 (nou 8-1)* *Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)*